Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.

# 'Horingsmokkelaar' by Vioolsdrif-grenspos vas

## Pleitooreenkoms met SA owerhede

28 July 2020 | Misdaad




1.

0 0 0

Francoise Steynberg – 'n Man met dubbele burgerskap en twee identiteite wat met die rooftog van 33 renosterhorings uit 'n kluis in 'n huis op Outjo in September 2019 verbind word, is in Februarie by die Suid-Afrikaanse grenspos, Vioolsdrift, met twee renosterhorings vasgetrek.

Annanias Jeremia Amukwa Shikongo oftewel Thomas Francisco met die bynaam Chester, en twee Mosambiekers het glo probeer om die twee renosterhorings vanaf Suid-Afrika na Namibië te smokkel.

Shikongo is verlede jaar ná die opspraakwekkende renosterhoringdiefstal op Outjo in Namibië in hegtenis geneem. Die eienaar van 'n private lodge langs die Etosha Nasionale Park het sy renosters onthoring om stropery te voorkom en die horings in sy kluis geberg.

Tydens Shikongo se inhegtenisneming is 'n vuurwapen en ammunisie sonder die nodige lisensies by hom gevind. Hy het skuldig op hierdie klagte gepleit en 'n boete betaal.

Volgens die Namibiese polisie (Nampol) word vermoed dat Shikongo die vuurwapens en juwele wat ook uit die kluis van die renostereienaar gesteel is, in Suid-Afrika verkoop het.

Geen van die gesteelde goedere is teruggevind nie, maar die vermeende Angolese koper van die renosterhorings is in Maart vanjaar in hegtenis geneem.

BORGTOG VAN N$5 000

Shikongo is egter op 11 November in die Outjo-landdroshof op borgtog van N$5 000 vrygelaat.

Hy moes weer op 15 April in die landdroshof op Outjo verskyn, maar het nie opgedaag nie. 'n Lasbrief is vir sy inhegtenisneming uitgereik.

Ene mnr. Thomas Francisco is op 3 Februarie by Vioolsdrif deur die Suid-Afrikaanse polisiediens (SAPD) met twee renosterhorings in sy besit in hegtenis geneem.

Die hoof van die eenheid van beskermde hulpbronne (PRU) van Nampol en die Blue Rhino-taakspan, komm. Barry de Klerk, het gister aan Republikein gesê Nampol het nou saam met die Valke van Suid-Afrika gewerk om die beskuldigde se identiteit vas te stel.

“Hy het beide Namibiese en Suid-Afrikaanse burgerskap, maar verskillende identiteite – Shikongo en Francisco.

“Nampol het op 7 Februarie inligting van die SAPD op Springbok ontvang dat 'n Suid-Afrikaanse burger, mnr. Thomas Francisco, en twee Mosambiekers in hegtenis geneem is. Francisco het sy Namibiese identiteit aan die SAPD ontken en was in besit van 'n geldige Suid-Afrikaanse paspoort en identiteitsdokument,” het De Klerk gesê.

“Nampol het destyds Shikongo se vingerafdrukke geneem toe hy in hegtenis geneem is, wat 'n skoon rekord van hom aangedui het. Die SAPD het Nampol met Francisco se vingerafdrukke voorsien wat positief met Shikongo s'n verbind is.

“Die foto van die Suid-Afrikaner, sy tatoeëermerke en letsels het ooreenkomste met die beskuldigde in die renosterdiefstalsaak van Outjo gehad,” het De Klerk verduidelik.

Groot ontevredenheid heers onder Namibiese private renostereienaars omdat Francisco 'n pleitooreenkoms op die klagte van die onwettige besit en vervoer van renosterhorings met die Suid-Afrikaanse owerhede bereik het.

Sy pleitooreenkoms behels 'n boete van R50 000 of 18 maande gevangenisstraf waarvan 24 maande vir drie jaar opgeskort is.

“Waarom is Shikongo in die eerste plek op borgtog van slegs N$5 000 vrygelaat?” vra 'n Namibiese renostereienaar.

Die eienaar van die 33 renosterhorings is net so onthuts en sê ligte strawwe soos hierdie sal geensins renosterstropers en -horingsmokkelaars ontmoedig nie.

“Dit maak ons en die owerhede moedeloos wat al die harde werk doen om wildmisdadigers vas te trek,” het hy aan Republikein gesê.

Francisco se Mosambiekse medebeskuldigdes sou gister weer in die hof op Springbok verskyn het.

- francoise@republikein.com.na